## Siekte- en Medikasie Beleid van Huppelhoekie Kleuterskool

• Alle personeel by Huppelhoekie Kleuterskool is opgelei en in staat om na 'n ***matige siek of olike baba/peuter/kleuter*** om te sien.

• Indien 'n leerder siek word by die skool sal 'n ouer gekontak word om toestemming te verkry vir die toediening van <u>basiese</u> medikasie. Ouers moet egter daarop let dat ons baie beperk is t.o.v. medikasie en nie vir alle siektes en kwale medikasie by die skool mag/kan aanhou nie. Alvorens ons egter ENIGE medikasie mag toedien, MOET ons **skriftelike** toestemming van 'n ouer ontvang - 'n WhatsApp of sms is voldoende.

• Indien die leerder baie siek is, of die toegediende medikasie nie die simptome verlig nie, sal die ouer gekontak word om die leerder liefs na die dokter te neem.

• ***Die personeel is nie verpleegsters nie, en die kleuterskool is nie 'n hospitaal nie!*** Elke personeellid aan diens het verskeie (gesonde en besige) leerders in haar sorg om na om te sien en kan ongelukkig nie afgestaan word aan een siek leerder nie. <u>Kom haal asseblief onmiddelik u kind indien u so versoek word!</u>


• Voorgeskrewe medikasie wat toegedien moet word, tesame met die dosering en tye van toediening, moet <u>deur die ouer</u> in die medisyneboek in die klas aangeteken word. Die personeel wat dit toedien, sal dan ten tye van toediening, daarby teken. Let asseblief daarop: GEEN VITAMIENES sal deur die personeel aan 'n kind gegee word nie.

• ***Voorskrif-medikasie*** sal toegedien word volgens dokters-voorskrif en vir solank as wat dit voorgeskryf is. **Oor-die-toon-bank medikasie** sal nie vir langer as <u>4 aaneenlopende dae</u> toegedien word nie, waarna u kind tuis moet bly tot hy/sy gesond is, of 'n dokter besoek het om voorskrif-medikasie te bekom.

• Geen personeellid mag egter 'n setpil vir 'n doekdraende leerder insit sonder die skriftelike toestemming van die ouer nie. Alternatiewe medikasie moet egter vir groter kinders voorsien word. Die toediening van setpille by die kleuterskool vir leerders wat nie meer doek dra nie, is verbode.

Ons is ten volle bewus daarvan dat ouers se verlofdae beperk is en dat werksverpligtinge en interne reëls by die onderskeie werkgewers dit vir ouers baie moeilik maak om by die huis te bly indien u kind siek is, daarom probeer ons siek kinders waar moontlik akkommodeer. Daar is egter sekere tye wanneer siek kinders nie skool toe mag kom nie om die ander leerders te beskerm.


### Ek moet by die huis bly wanneer



| Koors | Naarheid | Diaree | Veluitslag | Kopluise | Ooginfeksie | Hospitalisasie en/of ongevalle besoek |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Temperatuur van 38°C of hoër. | Meer as 1 keer binne 24 uur. | Meer as 1 keer binne 24 uur. | Gepaard gaan met jeuk of koors. | Kopvel jeuk of aktiewe kopluise. | Rooiheid, jeukerig of afskeiding. | Oorgeslaap of by ongevalle behandel. |

### Ek mag skool toe gaan wanneer

| Koors | Naarheid | Diaree | Veluitslag | Kopluise | Ooginfeksie | Hospitalisasie en/of ongevalle besoek |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vir langer as 24 uur sonder koors of medikasie wat koors onderdruk. | Ten minste 2 maaltye ingeneem, sonder om naar te wees. | Magie het ten minste 24 uur laas gespoel. | Dokter is gelukkig. Die uitslag jeuk nie meer nie. Geen koors is merkbaar. | Kop en - vel is behandel met die nodige middels. Klinieksuster is tevrede met behandeling. | Dokter het sieknota gegee. Dokter gee toestemming om terug te keer skool toe. | Geneesheer gee toestemming om terug te keer skool toe. |



1. <u>Wanneer hy/sy 'n aansteeklike siekte of enige kindersiekte onderlede het.</u> Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Die kinders steek mekaar aan en veroorsaak 'n epidemie. Voordat 'n leerder nie ten volle genees het nie, mag hy/sy nie terug kom skool toe nie.
2. <u>Wanneer hy/sy diaree het of aanhoudend braak.</u> Hier gaan dit ook oor die beskerming van die ander kinders wat met u kind in aanraking kom. Veral by die leerders wat nog doek dra is die kans groot dat diaree kan versprei. Die groter klasse is nie ingerig om "glipsies" te hanteer nie, en is dit 'n verleentheid vir u kind.
3. <u>Wanneer hy/sy enige infeksies het wat oorgedra kan word na ander kinders.</u> Oog- en mondinfeksies - veral onder die kleiner kindertjies - steek aan. Kry gepaste medikasie en behandel u kind se infeksie tuis totdat dit opgeklaar het.
4. <u>Wanneer hy/sy kopluise/nete het.</u> Kopluise en nete versprei maklik onder kinders. Indien u 'n briefie ontvang het, waarin u versoek word om u kind se hare te behandel en alle nete en luise te verwyder en u bring u kind skool toe steeds met nete of luise sal u geskakel word om u kind te kom afhaal en te behandel voordat hy/sy terug skool toe mag kom. Kyk gerus onder BRONNE om seker te maak u behandel alle aspekte van die infeksie.

| Siektes en Inkubasie Tydperk | Verspreiding Metodes | Simptome | Periode waartydens aansteeklik | Belangrike Komplikasies |
|---|---|---|---|---|
| Waterpokkies<br>10 - 21 Dae | Druppelverspreiding<br>Direkte kontak. | Rooi kolletjies - uitslag wat op die tweede dag waterblasies vorm. Droog op en vorm rofies. | Twee dae voordat uitslag verskyn tot die laaste rofies verdwyn. | Ekseem, littekens as blasies stukkend gekrap word. |
| Duitse Masels<br>14 - 21 Dae | Druppelverspreiding<br>Direkte kontak. | Geswelde kliere agter die ore en in die nek. Fyn uitslag op die eerste of tweede dag. | Vir een week nadat uitslag verskyn. (Vermy vrouens wat in die eerste 14 weke van swangerskap is.) | Infeksie mag die brein affekteer - nie algemeen. |
| Masels<br>7 - 21 Dae | Druppelverspreiding<br>Direkte kontak. | Verkoue simptome, hoë koors. Oneweredige uitslag drie dae later, eers agter die ore, gesig en dan die res van die liggaam. | Gedurende die volle periode. | Longontsteking, oorinfeksie, oë mag aangetas word. |
| Pampoentjies<br>14 - 25 Dae | Druppelverspreiding<br>Direkte kontak. | Hoofpyne, seer keel, koors en swak aptyt. Pyn en swelling van die speekselkliere onder die oor. | Vanaf aanvang van simptome totdat die swelling weg is. | Infeksie kan versprei na die pankreas, brein en testes. |
| Kinkhoes<br>4 - 18 Dae | Druppelverspreiding<br>Direkte kontak. | Ligte hoes en verkoue vir ± 10 dae, gevolg deur hoes spasmas wat dikwels met braking gepaard gaan. | Vir 6 weke vanaf aanvang van die simptome. | Verstikking, konvulsies en longontsteking. |

Ek,__________________________________ ouer van __________________________________
neem kennis van die Siekte- en Medikasie Beleid en onderneem om by die voorgeskrewe reëls te hou.

_________________________ _________________________
Handtekening Datum

